**Dr. Gudrun Kuschke**
**Departement Duits**

# GEÏNTEGREERDE MODEL VIR LITERÊRE ONTLEDING TOEGEPAS OP "DROOGTE" (LEON STRYDOM)

Hierdie kort en samevattende uiteensetting beoog om die teoretiese agtergrond van die praktiese ontleding van die gedig 'Droogte' van Leon Strydom in breë trekke aan te dui. In verband met die probleem hoe 'n gedig in al sy literêre moontlikhede ontsluit kan word, word gepostuleer dat die geïntegreerde model wat gebaseer is op die sisteem van die modaliteiteleer van Herman Dooyeweerd, suksesvol en doeltreffend in die praktiese analise van poësie gebruik kan word; dat 'n kunswerk op grond van hierdie model in sy geheel ontsluit kan word en dat die etos van die kunswerk volgens hierdie model bepaal kan word.

Die Dooyeweerdiaanse modaliteiteleer verantwoord die samehang van die tydelike werklikheid. Daarom sal hierdie leer dus ook geïmplementeer kan word in 'n struktuuranalise van die skepping soos dit in 'n gedig gepositiveer is. Die model word dus aangewend met die oog op die ontleding van die moontlikhede van die literêre konkretisering van die outeur se werklikheids-konsep. In 'n kunswerk as literêre uiting word die skeppingsorde met sy individualiteitstrukture (die kenmerkende eie aard van konkrete dinge) literêr normatief gepositiveer, aangesien geen menslike handeling neutraal kan wees nie. Die aspekte van die werklikheid soos byvoorbeeld ruimtelikheid of die biotiese van 'n konkrete ervaring of entiteit, word ook in die literêre werklikheid aangetref.

Hierdie normatiewe beginsels wat in die letterkunde in die besonder in hierdie gedig, geïmplementeer word, word nou met behulp van die geïntegreerde model geanaliseer sodat die synswyses wat teenwoordig is in die gedig, onthul kan word. Die kunswerk word dus in sy geheel ontsluit vanuit die volgende gesigshoeke:

## 1. Die etos van die kunswerk

Die etos is die artistieke manifestasie van die konfessionele uiting van die kunstenaar en hierdie lewens- en wêreldbeskoulike standpunt sal in die hele gedig (in die individuele aspekte sowel as in die samehangende geheel) sy neerslag vind en derhalwe in die teks bepaalbaar wees. Die kwaliteit van die gedig sal dus vasgestel word deur die kwaliteit van die dele en die estetiese eenheid sal tot uitdrukking kom in die harmoniese samehang ('Fittingness': Wolterstorff, 1978: 314) tussen die verskillende segmente. Die samehangende

geheel, die eenheid in die verskeidenheid van die kunswerk, word met behulp van die geïntegreerde model, nie net vasgevang nie maar opnuut bewys.

Met die doel om die etos-gedrenkte styl te ontleed, is Dooyeweerd se modaliteiteleer in 'n gevarieerde vorm as 'n literêre model ontwikkel. Die ontleding geskied op drie vlakke en dus in drie fases:

i. linguale vormvlak
ii. estetiese-normatiewe vlak
iii. konfessionele vlak

## 2. Die linguale basis van die poëtiese kunswerk

Die literêre kunswerk, gekwalifiseer deur die estetiese suggestie-rykheid[1] bestaan op grond van die woord. Dit is die linguale basis wat esteties ontsluit word en vanuit die geloofsaspek belig word en wat die aanwesige moontlikhede van die literêre teks onthul.

Hoewel literêre skepping linguaal gefundeerd is, impliseer dit geensins dat die semantiese aspek van die ander modaliteite soos die estetiese, vormtegniese of kommunikatiewe geïsoleerd funksioneer nie. 'n Oordrewe beklemtoning van die taalkwaliteite sou waarskynlik leksikale helderheid en linguale kunstigheid weergee, maar nog geen literêre werk van kwaliteit oplewer nie.

Op die eerste vlak van analise (wat bloot om metodologiese redes en helderheidsonthalwe geskei is in afsonderlike analitiese terreine) word die taalgefundeerde aspek van die gedig bepaal. Die laer aspekte (1-8) in die modaliteiteleer (d.w.s. vanaf die numeriese tot die linguale) met hulle literêre positiverings word in die linguale vormbasis van die gedig ontsluit. Hierdie linguale konkretiserings is wesenlik vir die vormtegniese strukturering van die kunswerk. Die strofiese vorm, konstruksiemoontlikhede, metriese en ritmiese patrone en variasies, musikaliteit, rymskemas, die vitaliteit en klimaktiese ontwikkeling, tegniese bedrewenheid en semantiese uitdrukkingsvermoë bepaal almal die primêre substruktuur van die gedig waarop die antisiperende kwaliteite (9-15) van die estetiese modaliteit, simbolies ontwikkel word.

## 3. Die kwalifiserende funksie van die estetiese modaliteit in 'n kunswerk

Hoewel 'n kunswerk esteties gekwalifiseer word, is 'n linguaal gemanifesteerde

[1] P.D. van der Walt se Afrikaanse weergawe van Seerveld se 'allusiveness'.

estetiese ervaring 'n geïntegreerde belewenis; 'n totale uitdrukking wat poëtiese styl, klank, ritme, sintaksis en gedagte saamvat in 'n samehangende geheel.

'n Geïntegreerde kunswerk wat deur middel van die styl in die afsonderlike maar samehangende poëtiese komponente van klank, ritme, struktuur, sintaksis, ens. weergegee is, sal die hele mens aanspreek. "Zij treffen zowel het verstand als het gevoel en de wil van die lezer" (Van der Ent, 1977 : 4). Hoe meer kwalitatief die kunsskepping is, hoe meer esteties verrykend en konfessioneel eg, hoe meer outentiek sal die kommunikasie wees.

## 4. 'n Literêre model gebaseer op die Dooyeweerdiaanse modaliteiteleer

### *4.1 Konstituerende linguale vormsegmente van 'n kunswerk*

Die oppervlaktelaag (1-8) van die analise word in twee fases benader. Die eerste fase van die eerstevlakontleding bepaal die linguaalformatiewe aspekte bloot uit die teks sonder interpretatiewe gevolgtrekkings. Die vertolkende vlak van die linguale vorm van die gedig word ontsluit deur die estetiese kwalifikasie en vereis dus estetiese heroorweging van die sub-laag (1-8) en sy sekondêre moontlikhede soos hieronder aangetoon.[2]

Vir die doel van hierdie analise van die gedig 'Droogte' onderskei ek nie tussen die twee fases nie maar geriefshalwe word hulle verbind.

Tabel 1: Laer modaliteite en positivering daarvan

| KOLOM 1<br>ASPEK | KOLOM 2<br>SINKERN | KOLOM 3<br>POSITIVERINGS VAN DIE MODALITEIT IN DIE LETTERKUNDE |
|---|---|---|
| 1. Numeriese | Afsonderlikheid | Strofe, skaal |
| 2. Ruimtelike | Vorm | Komposisie, uiteensetting |

[2] Volgens Seerveld (1977:106) is dit hierdie estetiese faktore wat ontsluit moet word, en afhangende van die effek wat hulle op die simboliese digtheid van die werk het, is hulle bepalend vir die artistieke status en stemming.

| KOLOM 1<br>ASPEK | KOLOM 2<br>SINKERN | KOLOM 3<br>POSITIVERINGS VAN DIE MODALITEIT IN DIE LETTERKUNDE |
|---|---|---|
| 3. Kinematiese | Beweging | Metrum, beweging, ritme, patroon |
| 4. Fisiese | Energie | Klank, rym, spanning, estetiese balans |
| 5. Biotiese | Lewe | Intensiteit, klimaktiese ontwikkeling, vitaliteit, uitdrukkingskrag |
| 6. Historiese Kultuur | Formatiewe krag/ handeling | Tegniek, kontrole, vaardigheid |
| 7. Psigiese | Sensitiwiteit | Stemming, emosionele effek |
| 8. Linguale | Helderheid | Helderheid, veelseggendheid, retoriese styl, betekenis |

Die eerste kolom noem die eerste agt aspekte op wat in hierdie model as die sub-laag van ontleding gebruik word. Hierdie aspek-kolom is 'n modifikasie van Dooyeweerd se poging om die werklikheidsorde in bepaalde strukturele patrone te sistematiseer, beginnende vanaf die laagste modaliteit tot die hoër aspekte.

Kolom 2: Die aspekte van kolom 1 het spesiale kwaliteite wat hulle van alle ander entiteite onderskei. Hierdie sinkerne, wat die onherleibare bepaaldheid van elke aspek verteenwoordig, druk die manier uit waarop hulle ondervind word. Derhalwe is die mees kenmerkende kwaliteit van die biotiese aspek (5) byvoorbeeld, dié van lewe en van die kinematiese (3) dié van beweging.

Kolom 3 beskrywe die positivering van die normatiewe fasette wat verteenwoordig is in die modaliteite. Positivering is 'n spesifiek menslike verantwoordelikheid aangesien dit die ontsluiting van die betekenis van die skepping eis. Dit is derhalwe van primêre belang 'hoe' mens hierdie skeppingsgegewens konkretiseer, en hoe die kunstenaar hulle vertolk en manifesteer in sy literêre skepping. So 'n positivering van die modaliteite is deur Seerveld (1977: 106) in 'n werk van Tennessee Williams aangedui en hierdie geïntegreerde model is 'n verdere poging om Seerveld se grondslag vir die drama spesifiek aan te pas vir die poësie.

Seerveld noem die modaliteite 8-15, estetiese kwaliteite ten opsigte waarvan die gedig geëvalueer moet word om vas te stel op welke manier hulle simbolies ontwikkel en ontsluit is vir die werklikheid. Vir hom hang die kwaliteit (die grootsheid) van die kunswerk af van die 'hoe' van die objektivering.

### *4.2 Die verbonde estetiese en pistiese kwaliteite van 'n kunswerk*

Die tweede vlak van ontleding is vertolking. Onder leiding van die kwalifiserende funksie van die estetiese, word die hoër aspekte van die kunswerk ontsluit en openbaar in die multi-dimensionele moontlikhede. Dit is hier dat die suggestieryke veelvlakkigheid te voorskyn sal kom (indien aanwesig).

Volgens Seerveld, is dit die besielende gees wat die letterkunde motiveer, die kern wat vertolk moet word; "... what religious thrust and dynamic controls, binds, is refined in the very symbolically objectified meaning (and) determines the Christian, pseudo-Christian, unchristian (secular or pagan) character, religious allegiance" (1977: 106).

Die konfessionele oortuiging van die implisiete outeur sal duidelik word in die uitdrukking van die etos van die kunsinnige gestaltegewing daarvan. Die wye spektrum van die Dooyeweerdiaanse modaliteitestrukture, bied die moontlikheid om die geheel van die skeppingsdimensies soos dit in die literêre werk tot uiting kom, te ontsluit en sodoende die eksterne linguale en interne simboliese rykdom van die gedig bloot te lê. Deur middel van die analise van die leidende funksie van die konfessionele aspek binne die hele ontsluitingsproses in die kunswerk sal die verskillende segmente en hulle toepaslike balans ontsluit en geëvalueer word, en die etos van die gedig blyk.


Die volgende 7 aspekte behels die hoër modaliteite wat deurslaggewend is vir die bepaling van die kwaliteit van die kunswerk.

Tabel 2: Hoër modaliteite en positivering daarvan

| KOLOM 1<br>ASPEK | KOLOM 2<br>SINKERN | KOLOM 3<br>POSITIVERINGS |
|---|---|---|
| 9. Estetiese | Suggestie | Suggestierykheid, verbeelding, simboliese oorspronklikheid |
| 10. Sosiale | Gemeenskap | Sosiale verhoudings, kommunikasieruimte |
| 11. Analitiese | Onderskeiding | Emblematiese, rykheid van semantiese vermoë, gedagteprikkelende oorspronklikheid |
| 12. Juridiese | Reg | Smaak, relevante stof, toepaslikheid |
| 13. Ekonomiese | Spaarsaamheid | Vermyding van oormaat, digtheid, iteratiewe element |

| KOLOM 1<br>ASPEK | KOLOM 2<br>SINKERN | KOLOM 3<br>POSITIVERINGS |
|---|---|---|
| 14. Etiese | Waarheid, trou | Egtheid, engagement, verhewenheid |
| 15. Pistiese | Geloof | Geloofsuiting, instelling van die outeur |

**Figuur 1: Geïntegreerdheid van die etos in die gedig**




LITERÊRE POSITIVERINGS VAN DIE DOOYEWEERDIAANSE MODALITEITE

Hierdie teoretiese metode van modale ontleding funksioneer eerstens op die basis van die intrinsieke literêre waarde van die teks. Die geïntegreerde benadering ontsluit egter die samehangende geheel van die kunswerk en omvat dus ook sosiale, kontektuele en persoonlike verbande, soos geïllustreer in Figuur 1. Daar is dus geen gevaar van 'n outonome teksanalise nie.

Die toepassing van hierdie teorie op 'n konkrete voorbeeld in die poësie, 'Droogte' van Leon Strydom, sal gebruik word om die veelvoudige moontlikhede van die teks vanuit 'n eie lesershorison te benader en te evalueer.

*A. Identifikasie van bouprinsipes, en teksevaluering deur middel van estetiese terugskouing (retrosipasie)*

**1. Skaal, strofe**

1. Wanneer die gedig vir die eerste keer gelees word vanuit die numeriese aspek, wat die skaal en strofiese indeling positiveer, is dit duidelik dat die gedig met sy tweedelige bou egter drie vlakke van belewenis/fases impliseer. Dus word die elf versreëls as volg ingedeel: 1-4; 5-7 en 8-11. Die strofiese indeling van 7 en 4 versreëls kan simbolies betekenisvol wees aangesien sewe die heilige getal is en vier die getal van die aarde. Die getal sewe kan weer eens verdeel word in drie plus vier: die getalle van siel en liggaam. Die totaal (van 7 plus 4) beteken, volgens die leer van die kerkvaders, die getal van die sonde, want die elf oorskry die 10, die getal van die dekaloog. Net so is die sonde die oortreding van die wet. Elf is dus 'n negatief gelade getal (Heinz-Mohr, p. 31).

**2. Komposisie; uiteensetting**

Die eerste deel (reëls 1-4) is afwagtend positief as gevolg van die aandwind, die melkwit wolke en die gekraak van die adamsvy, terwyl deel 2 (5-7) dorre vrugteloosheid wat wanhopig gryp na reën en bedekking, uitdruk. In reëls 8-11 (die derde deel) is selfs die onkruid verlep en die gedig eindig in verstikking.

Die indeling dui dus op 'n voorafgaande toestand in reëls 1-4, die toestand self (5-7) en die na-toestand (8-11).

**3. Metrum, beweging, ritme, patroon**

Alhoewel geen reëlmatige metrum vasgestel kan word nie, is daar 'n opvallende beweging wat telkens gestrem word; dan tot 'n lusteloosheid lei,

wat uiteindelik op totale stilstand uitloop. Metriese variasie beklemtoon die inhoudswaar woorde van die gedig.

Die eerste een en 'n half versreëls met die opeenhoping van onbeklemtoonde lettergrepe ('in die geruis van die aandwind/het die wolke') skep 'n vinniglopende beweging tot die dubbele klem op 'melkwit' die sorglose vloei onverwags rem maar ook uitlig. Die res van die versreël is weer eens ritmies wandelend tot die tweeledige spondee in reël 3 ('en vér ónder in die háai grínt') en die klem op die betekeniswigtige woorde in versreël 4 ('adamsvý gekraák soos amaíndel').

Die eerste deel het nog te doen met die hele skepping en mens, dus is die kwaliteite van lewe en beweging, van vitaliteit, groei en rypheid nog sterk teenwoordig.

Baie sintuie word nog betrek: ons hoor die geruis van die aandwind, die vy kráák van volheid, die aandwind is koel en bevrugtend; daar is beweging in die wandeling (van God) en die trek van die wolke; daar is wydte ('ver onder') en nuwe lewe en lente ('amandel') ... dit is 'n lewe van eenheid en harmonie. Deel twee (reël 5) dui onmiddellik op dorheid ('dor, skor, vrugteloos') en die natuurlike metriese aksent wat drievoudige ondersteuning vind in 'wólwitwólke' benadruk die nuwe konnotasie (op bv. 'wit wolke' en 'vy') as gevolg van skuldbesef. Behalwe vir die een geïmpliseerde klank in 'skor' bestaan deel 2 slegs uit vrugtelose dorheid.

Deel 3 word gekenmerk deur onbeklemtoonde lettergrepe wat die lustelose verleppingstoestand ritmies weergee. Die tweevoudige beklemtoning met drie daaropvolgende klemlose lettergrepe in reël 9 ('ónder in die knoésterige mík') is 'n negatiewe verskerping van die afwaartse neiging wat in reël 8 deur drie aksente ('verlép blý háng') reeds uitgelig is.

Die klem op 'ménige oú sláng' wys die teenstelling met die tradisionele begrip uit die Skrif uit.

Die sterk uitgange van die derde deel eindig met die finaliteit van 'verstik' en dwing die gedig, sonder leestekens, tot 'n halt. Die deel word gekenmerk deur 'n totale gebrek aan beweging; selfs die begin van dié deel met 'en' dui op 'n toestand wat bloot voortduur.

Dieselfde afwaartse patroon word deur middel van die drie 'soos' vergelykings duidelik. In deel een dui die 'gekraak soos amandel' op lewe, vrugbaarheid en vernuwing, terwyl die 'gegryp ... soos na vyeblaarskorte' nie meer die balans van deel een inhou nie; dis nie meer twee vrugbaarheidssimbole

('adamsvy soos amandel') wat met mekaar vergelyk word nie, maar nou 'n gegryp na bedekking weens sonde (na vyeblaarskorte). Die derde vergelyking in reël 10 'hang ... soos menige ou slang' wys op geen uitreiking, selfs nie in wanhoop nie. Daar is net passiwiteit en verstrengeling (wat deur middel van 'knoesterige mik' en 'vyemelk verstik' beklemtoon word).

Dit is asof elke vergelyking opsommend is van elke deel: i. vrugbaarheid ii. skuld iii. verstikking (in sonde).

Alle werkwoorde is in die verlede tyd:

Deel 1: het *gaan* wandel<br>
het gekraak<br>
deel 2: het gegryp<br>
deel 3: het verlep *bly* hang<br>
verstik

Die verlede tyd wys op die historisiteit van die verhaal maar ook op 'n finaliteit; en tog is daar 'n graadverskil. In deel I skep 'gaan wandel' beweging en 'n sekere toekomstigheid/'n idee van kontinuïteit. Die beweging is nog vitaal lewend. Ook 'het gekraak' hou iets kraakvars in, iets wat bot, wat bars van lewe, wat die 'het' neutraliseer.

In deel 2 omskryf 'het gegryp' nog 'n handeling, maar die dubbele 'na' impliseer reeds 'n negatiewe daad en die twee verwysings van 'wolwitwolke' en 'vyeblarskorte' versterk die verlede tyd daarvan weens die vrugteloosheid. Die 'het ... bly hang' in deel 3 is 'n negatiewe versterking soos 'gaan wandel' positief was. Die beweegloosheid is só sterk en so finaal dat die 'verstik' as geen verrassing kom nie. Die situasie is so uitsigloos dat die hede wat in deel 3 geïmpliseer word, reeds as 'n verstikte verlede uitgebeeld word.

Hier word die metrum, ritme en beweging herhaaldelik tot die versterking van die tematiese patroon gebruik.

## 4. Klank, rym, spanning, estetiese balans

Die rymskema dui ook op 'n drieledige bou. Deel I (versreëls 1-4) het 'n abab-rym, terwyl die vyfde reël los staan en geen rymverbinding het met ander versreëls nie. Dit is asof alles as gevolg van die sondeval uit verband en wetmatigheid geruk is. Versreëls 6 en 7, wat nog deel is van die tweede segment, wys weer 'n rym maar nogtans nie 'n reinrein nie ('wolke .. skorte); die na-sondevaltyd is nog een van onsekerheid en wanbalans.

Deel 3 is weer reëlmatig omarmend, abab ... asof 'n 'nuwe' balans in die natuur gevind is en tog is dit duidelik dat alles anders is as voorheen in deel I (vrugbaarheid teenoor totale verstikking).

**Klank**

Die geruis van die aandwind met sy positiewe lewenselement en vrugbaarheid begin met die herhaling van die 'w'-klank in 'aandwind, wolke, melkwit, wandel' in reëls 1 en 2. In die variasie van die 'w'- na 'v'-klank in 'ver, adamsvy' word die oorgang na die volgende periode ingelei en voortgesit in 'vrugteloos wolwitwolke, vyeblaarskorte' en gefinaliseer in deel 3 se herhalings: 'verlep, vyemelk' en 'verstik'.

Opvallend is die 'ge'-voorvoegsel wat drie keer voorkom in die eerste twee dele en 'n eggo vind in die 'g'-herhalings tot reël 6: 'geruis, gaan, grint, gegryp'. Die 'g'-klank suggereer groei, geborgenheid en beweging. Tussen reëls 4 en 6 vind 'n verbinding van die 'g'- en 'l'-klanke plaas en korreleer die oorgang van die een periode na die ander. Die 'k'-klank wat reeds in 'gekraak' aangedui is, neem in deel 2 oor en word vanaf reël 5, wanneer die vrugteloosheid en kaalheid van geestelike droogte intree, weer eens gekombineer met die 'v'-klank. Net soos die verbinding van die 'g'-klanke die oorgang van die eerste na die tweede deel versterk het, word dele 2 en 3 nou aan mekaar gekoppel. In die laaste reël bereik die opeenhoping van v's en k's 'n totale stagnasie in 'vyemelk verstik'.

Dit is interessant dat lang vokaalklanke in deel I benut word om volheid en omvattende vrede aan te dui: 'aandwind, gaan, haai, adamsvy', 'gekraak, amandel'. Na deel I word die lang klanke vervang deur kort klanke ('dor, takke, skor, wolwit wolke'), behalwe in 'vyeblaarskorte' en 'vrugteloos', waar reeds 'n aanduiding van die verganklikheidsmotief, wat hier intree, teenwoordig is. Die kort vokale is aanvanklik nog rond en vol ('dor, skor, wol') maar die toenemende gebruik van i-, ie- en e-vokale beklemtoon 'n kilheid en afgekaptheid in 'dorings en distels het verlep ... in die knoesterige mik .. in .. versik'. Deurgaans dien die klankpatroon ter ondersteuning van die gedagtegang in die gedig.

## 5. Intensiteit, klimaktiese ontwikkeling, vitaliteit

Die vrugbare vitaliteit wat kenmerkend is van deel I, word weerspieël in 'n opwaartse klimaktiese beweging behalwe versreël 3 wat eerder 'n vergesig kontinuïteit suggereer in 'ver onder in die, haai grint':

1. in die geruis van die aandwind /

2. het die wolke melkwit gaan wandel
en ver onder in die haai grint
4. het die adamsvy gekraak soos amandel

Die stygende drang van groei en vernuwing word in deel 2 vervang deur stelselmatige verstarring en vrugteloosheid wat ook in die ritmiese kadans weergegee word.

5. het die dor takke skor en vrugteloos
6. gegryp na die wolwitwolke
7. soos na vyeblaarskorte

Die starheid van vrugteloosheid in versreëls 5 en 6 toon nog 'n afwaartse beweging in die gegryp na vyeblaarskorte in deel 2. Daarna is die ritmiese val van reëls 8-11 geen beweging meer nie maar bloot 'n afwaartse verstarring wat in 'vyemelk verstik' eindig.

8. en dorings en distels het verlep bly hang
9. onder in die knoesterige mik
10. soos menige ou slang
11. in vyemelk verstik

Die vernuwing en vrugbaarheid wat in 'melk' en 'vy' 'n stygende lyn gereflekteer het, verander in 'n aardsgerigte verbinding van 'vyemelk' wat nou klewerig is en verstik.

## 6. 'Stimmung', emosionele effek

Die stemming in deel 1 is een van ewewig ('aandwind, gaan wandel') en rustigheid; een wat van intieme harmonie ontwikkel tot 'n vergesig en 'n hoorbare vrugbaarheid ('het die adamsvy gekraak soos amandel'). Die gebeure in deel 2 word nie vertel nie; net die resultaat word aangedui in 'het ... gegryp'. Die wanhoopspoging na dit wat was in deel 1 word drieledig weergegee in 'wolwitwolke'.

In die laaste deel word geen poging meer aangewend nie; daar is geen uitreiking na enigiets nie. 'Bly hang' is 'n visuele beeld van die stagnante toestand, en hierdie indruk word emosioneel versterk tot uitsigloosheid ('onder in 'n knoesterige mik') en verstiktheid ('in vyemelk verstik').

## 7. Oorspronklikheid van gedagte, rykheid van semantiese vermoë, polemiese element, emblematiese moontlikhede

Teen die agtergrond van die skeppingsverhaal en die implisiete Skrifverwysings,

word die logiese onderskeidingsvermoë van die mens benut om die ideale toestand in die paradys en die sondeval met sy kennis van goed en kwaad, eksistensieel naby te bring. Die semantiese rykheid word eerstens reeds in die titel 'Droogte' aangedui en in die simbole, herhalings en variasies herhaaldelik beklemtoon. Selfs die tegniese sublaag ondersteun en verryk die oorspronklikheid.

Die aanvangstoestand van vrugbaarheid en vernuwing word ses keer spesifiek herbeklemtoon in 'aandwind, wolke, melkwit, adamsvy, gekraak, amandel'. Die nuwe lewegewende element fungeer egter op twee vlakke: dit begin op vernuwing in die natuur en ontwikkel tot 'n herskeppende lente ('amandel') deur middel van die tweede Adam ('adamsvy').

Die dorheid en vrugteloosheid van die na-valse natuur toon nog iets van 'n begeerte, selfs as dit 'n wanhopige poging is, in die 'gegryp na die wolwitwolke'. Sondebesef, skaamte en uitsigloosheid word hier in deel 2 verbeeld.

Versreëls 8 tot 11 vergestalt die leweloosheid en totale verstiktheid wat die uiteinde van die dorheid van sonde is. Onvrugbare onkruid hang verstrengel en verlep; verstikking is die absolute teenstelling van die vernuwende lewe van die begin van die gedig.

## 8. Tegniek, kontrole, vaardigheid

Die driedelige samestelling van die gedig in 'n voorspel tot die val, die val self en 'n na-valsiening word tegnies deurgaans herhaal en gevarieer. So word die verandering van die klem op die vrugbaarheidsbegrip (van byvoorbeeld vrugteloosheid tot totale verstikking) in die 'vye'-motief herhaal, maar terselfdertyd dui die gebruik van die woord 'vy' in versreël 4, 7 en 11 'n onmiskenbare negatiewe metamorfose aan.

Ook in 'wolke', wat eers melkwit en dan wolwit is, kom 'n soortgelyke klem op die verandering van vitale lewe na vrugtelose dorheid te voorskyn. Herhaaldelik word die drie refreine deur middel van die klankpatroon (van w's in die voorvalse toestand tot v's; vitale g's in deel 1 word verbind met die skerper 'k'-klank in die oorgang van deel 1 na 2 ensovoorts), die strofiese indeling, ritmiese beweging en herhalings gekontroleer. Die drie vergelykings met 'soos' tipeer die drie stadia, die verandering van 'n wye vergesig in 'ver onder in die haai grint' (3) na 'gegryp' en uitsigloosheid en uiteindelik na die gebondenheid van 'onder in 'n knoesterige mik (bly hang)' is almal voorbeelde van die tegniese vaardigheid waarmee die gedig opgebou is.

## 9. Helderheid van betekenis, uitdrukkingskrag

Die helderheid van die betekenisinhoud in hierdie gedig word deur middel van die linguaal funderende funksie ondubbelsinnig weergegee. In die eerste deel word die toestand van God in die Paradys as 'n periode van vrede, vernuwing en lewe geskilder, terwyl die val met sy resultaat van vrugteloosheid en wanhoop ná die daad tot 'n besef van skaamte en skuld in deel twee lei.

Die derde toestand is een van dorings en distels; die sonde heers en die dorheid en beweegloosheid (versreëls 5-8) eindig in totale verstikking. Die simboliese elf het geseëvier.

*B. Evaluering aan hand van steunende estetiese norme (Antisipasies)*

## 10. Suggestierykheid, verbeeldingrykheid, simboliese oorsponklikheid

Onder leiding van die kwalifiserende funksie van die estetiese, word die hoër aspekte van die gedig (vanaf die estetiese tot die pistiese) ontsluit en so die kunswerk sowel as die werklikheid in die rykdom van potensialiteit geopenbaar.

Deel 1 (r. 1-4): Volgens Genesis 3:8 is die stem van die Here gehoor terwyl Hy *wandel* in die tuin in die *aandwindjie* ('toe die dag koel geword het' lui dit in die Duitse vertaling). In vers 9, wanneer God vir Adam vra waar hy is, antwoord hy: 'Ek het u geruis gehoor in die tuin en gevrees'. Die eerste versreël 'in die *geruis* van die aandwind' dui dus op 'n sagte stem wat gehoor is. 'Aandwind' is 'n dubbele beklemtoning van die vernuwingsgedagte; 'aand' spreek van vreedsaamheid maar ook van 'n simboliese voorbereiding tot die koms van die oggend terwyl 'wind' 'n duidelike teken is van vrugbaarheid en vernuwing. Dit impliseer egter ook die skeppende gees en sluit die konsep van uiterlike en innerlike lewensmag in. 'Wolke' (versreël 2) bring reën en is dus simbolies vir bevrugting, maar ook 'n manifestasie van God (byvoorbeeld verborge in 'n wolk) en 'n teken van God se glorie en heerlikheid wanneer Hy sal kom in die wolke. Hier in versreël 2 is die wolke *'melkwit'*. 'Wit' word geassosieer met reinheid, absolute waarheid, heerlikheid en vrede; dit is simbolies vir dood, geboorte en wedergeboorte. Wit is die christelike kleur van die doop en eerste nagmaal; van Kersfees, Paasfees en Hemelvaart.

Die 'melkwit' in reël 2 dra dus 'n dubbele aksent van vernuwing, vrugbaarheid en heerlikheid; die elikser van die lewe (soos die oorvloed van Kanaän).

Die rustigheid en genot in die skepping wat in genesis 3:8 oorgedra word, vind sy weerspieëling in 'gaan wandel' (2).

Alhoewel 'haai grint', 'n wye, kaal klipgruisbeeld weergee en reeds 'n aanduiding van die droogte en kaalheid van deel 2 gee, is die dubbele klem van 'vér ónder' nog een van vrugbaarheid weens die vergesig wat beide positiewe moontlikhede inhou, maar terselfdertyd die kaalheid op 'n afstand hou. Die implisiete melding van die vrugbaarheidsbegrip en van kernlewe tot dusver in versreëls 1 en 2, word nou eksplisiet in die 'vy' weergegee. 'Vy' is weer eens simbool van vrugbaarheid en vreugdevolle lewe (die vy dra vierkeer per jaar en dui dus op oorvloed), lente en vernuwing. 'Vy' staan egter in verbinding met 'adam', wat rooi man beteken en verwys na die eerste mens wat tot sonde en die val lei. By implikasie sluit die eerste Adam ook Christus as die tweede Adam in wat verlossing en vernuwing skenk. Die vernuwingsmotief vind herhaaldelik nuwe variasies en versterkte belangrikheid.

In versreël 4 'het die adamsvy gekraak soos amandel'. 'Gekraak' is 'n akoestiese weergawe van oopbreek as gevolg van 'n volheid van rypheid, en 'amandel' as die aankondiger van die lente, van hoop en vrugbaarheid is nie net 'n eggovergelyking nie maar 'n verdieping van die gedagtegang.

Die eerste vier versreëls openbaar 'n opeenhoping van 'lewens'- en vernuwingsimbole en is 'n veelvuldige beklemtoning van die volheid van lewe.

Deel 2 (r. 5-7): Terwyl deel een met sy implisiete paradysverwysing, die motiewe van vrugbaarheid en vernuwing by herhaling uitgelig het, is die resultaat van die sondeval duidelik herkenbaar in die teenstellende motief van vrugteloosheid. In versreël 5 word hierdie kontras van vrugbaarheid na onvrugbaarheid driekeer beklemtoon in 'skor', 'dor' en 'vrugteloos'. 'Skor' dui op 'n hees, skrapende geluid terwyl 'dor' reeds die uitgedroogte en waterlose toestand van die takke uitgedruk het (ons vind later 'n uitbreiding van 'dor' in 'dorings' (8). In Jesaja 4:2 is daar 'n verwysing na die tak of loot van die Here en in Johannes 15:5 en 7 verwys Christus na homself as die wingerdstok en die mens as die lote. Sinesteties word die skor geluid en die dorheid van die uitgedroogde takke verbind en die vraag bestaan of ons hier 'n sinspeling het op die gelowiges wat soos lote is en die dor takke wat dui op die mense wat nie meer lewende lote van die wingerdstok is nie. Na die sondeval 'gryp' (6) die mens na die wit wolke (reën, vrug, God) wat egter nou in versreël 6 nie meer 'melk'wit is nie maar 'wolwit' wat vrugteloosheid inhou. Die takke wat gryp na uitkoms '*soos* na vyeblaarskorte' druk die bewustheid van sonde en naaktheid uit en is 'n sinspeling op die geestelike

droogte wat onvermydelik sal volg. Hier word ook na wolke gegryp wat uitkoms behoort te bring, maar dit nie doen nie.

Deel 3 (r. 8-11): Van vrugbaarheid en vernuwing na onvrugbarheid en sonde, sluit die gedig in deel drie met verstikking en algehele doodsheid. In hierdie afdeling het ons dus te doen met die resultaat van die sonde. Die dorings en distels van Genesis 3:18 word egter in 'n oortreffende trap aangedui, want selfs die onkruid 'bly hang' in hulle verlepte toestand. Die beklemtoonde 'onder' in reël 9 is nou nie meer 'n ver, oop perspektief nie maar 'onder in 'n knoesterige mik', wat 'n inmekaargedraaide verstrengeling beklemtoon. Ook die boosheid verskyn nie enkelvoudig soos in die skriftuurlike verhaal nie, maar 'soos menige ou slang', wat 'n konsentrasie van die negatiewe wil aandui of 'n menigvuldigheid van die mag van die bose of die antichris.

Weens die sonde (in reël 11) is beide 'melk' en 'vy', wat in deel 1 vrugbaarheid gesimboliseer het, nou 'n onvrugbare, klewerige massa wat verstik in plaas van om vernuwing en lewe te skenk.

In die plek van lewe en asemhaal met asem wat die mens direk van God ontvang het, sterf die mens; hy lewe in 'n toestand van verstikking. As 'asem' as die siel, die lewensmag van die mens gesien word, dan het die sonde die mens van siel en lewensasem ontneem, en die gevolg is dan 'n dooie lewe sonder vrug of vrede as gevolg van die mens se skuldgevoel weens die sonde. Die gedronge implikasie wys nogtans op die graad van belangrikheid: eers 'n wanhopige poging tot die herwinning van die verlore Paradys en dán 'n poging tot skuldbedekking.

In deel 3 het onkruid bly hang 'soos menige ou slang', wat òf impliseer dat die sonde in sy eie vrugteloosheid verstik òf dat die mag van die bose 'n toestand van dood deur middel van verstikking veroorsaak. Die laasgenoemde moontlikheid is 'n paslike slot tot die gedagte-ontwikkeling vanaf vrugbaarheid, na dorheid en uiteindelik na doodsheid. Eersgenoemde alternatief ontsluit verdere/andere perspektiewe van die slot.

Die herhalende, plekaanwysende 'onder' in die eerste en laaste dele plaas die aksent op die versiende kwaliteit van die lewe van vernuwing, en die kortsigtigheid van 'n lewe wat verstrengel is in sonde.

Selfs die bou van die gedig is 'n ekonomiese uitdrukking van die droogtetema: die drie dele word in 7 en 4 reëls saamgevat. Dele 1 en 2 vorm dus 'n eenheid; albei toestande speel af in die Paradys en staan nog onder die heilige getal wat die drie en die vier, God en wêreld, verenig. Deel 3 is 'n nuwe

strofe en sigbare resultaat van die sonde: die wêreld losgemaak van God.

**11. Sosiale betrekking, kommunikasie, ruimte**

In hierdie gedig word die letterlike droogte in die natuur verdiep tot 'n simboliese sieledroogte wat die kommunikasievlak verruim. Die Skrifuurlike agtergrond en die sonde as 'n algemene lewensverskynsel plaas die boodskap in 'n wêreldwye verband en die kommunikasie word universeel.

**12. Gedrongenheid, iteratiewe element, vermyding van oormatigheid**

Die gebruik van die iteratiewe 'soos' vergelykings in elke segment dien feitlik as samevattende opskrifte vir die deurlopende gedagte-ontwikkeling. In deel 1 is die vergelyking 'het die adamsvy gekraak soos *amandel*' die kern van vrugbaarheid en nuwe lewe, opgesluit in die amandelboom as aankondiger van die lente.

Die tweede vergelyking is tweeledig: ' 'n gegryp na die wolwitwolke/soos na vyeblaarskorte', wat eerstens dui op 'n uitreiking na vrugtelose uitkoms ('wolwitwolke') en dan eers na bedekking ('vyeblaarskorte').

**13. Smaak, relevante stof, toepaslikheid**

Die titel, die implisiete agtergrond van die Skrif, die verwysing na uiterlike en innerlike droogte en die toepaslikheid van die dele: 1. Paradys; 2. tussenperiode van die val; 3. na-sondeval, wat nou nog 'n universele situasie is, is duidelike bewys van die relevante stof. Ook die simboliek en woordeskat dui op droogte en die doelmatige geskiktheid van die interaksie tussen die verskeie dele.

**14. Engagement, eerlikheid, waaragtigheid**

In hierdie gedig word die universele tema waarin die hede eng verbonde is met die Skriftuurlike verlede met gedistansieerde 'engagement' weergegee. Die siening is eerlik en die hantering van die stof handhaaf 'n kwaliteit van verhewenheid, wat aanpas by die etiese strekking.

*C. Ontsluiting van die poëtiese kunswerk onder leiding van pistiese norme (Retrosiperend)*

**15. Geloofsuiting, implisiete outeur se getuienis of instelling**

Die geloofsaspek belig alle modaliteite en openbaar die etos van die gedig. Die slot laat geen hoop of uitkoms nie. Die droogte is totaal. Mens en natuur is vasgevang in vyemelk, verstrik en verstrengel in die sonde en bose.

Die uitsigloosheid wat veral aan die einde eksplisiet gestel word in dorings en distels wat bly hang, die totale gebrek aan visie en die finaliteit van verstikking word reeds in die hele gedig deur middel van byvoorbeeld die verlede tyd, beklemtoon. Leestekens ontbreek geheel en al; ook die slot bly daarsonder. Die droogte duur voort. Die simboliese getal elf het geseëvier; dit is as getal van vernietiging bewys. Die slot bied geen eksplisiete oplossing nie.

En tog kan die puntloosheid van die slot wel die moontlikheid van verandering of ten minste hernude beweging impliseer. Die tema van vernuwing waarmee die gedig begin, en die alternatiewe moontlikheid van die verstikking van die sonde in versreëls 1 en 11, sluit dus nie die verbreking van die toestand van verleptheid en verstriktheid uit nie: die moontlikheid dat uit die droogte weer 'n wind van vernuwing kan waai.

**Bronnelys**

1. HEINZ-MOHR, Gerd. 1981. Lexikon der Symbole: Bilder und Zeichen der christlichen Kunst. Düsseldorf: Diederichs Verlag.
2. SEERVELD, C. 1977. A Christian Critique of Art and Literature, Guardian press, Hamilton, Ontario.
3. VAN DER ENT, H. (red) Literatuur en ethiek. s'Gravenhage, Boekencentrum BV.
4. WOLTERSTORFF, N. 1978. Art in action. Toward a Christian Aesthetic. Grand Rapids, Michigan.